# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA.

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

*UITGAWE OP GESAG.* VAN SUIDWES - AFRIKA. *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

1/- **Friday, 19th February, 1960** **WINDHOEK** **Vrydag, 19 Februarie 1960** **No. 2239**


CONTENTS


**PROCLAMATION:—**

No. 14 Legislative Assembly of South West Africa: By-election, Keetmanshoop . . . .


INHOUD


*Page/Bladsy*

**PROKLAMASIE:—**

Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika: Tussenverkiesing, Keetmanshoop . . . . 160


## PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE DANIEL THOMAS DU PLESSIS VILJOEN, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 14 of 1960.]

LEGISLATIVE ASSEMBLY OF SOUTH WEST AFRICA.

BY-ELECTION, KEETMANSHOOP

Whereas it has been notified to me that a vacancy has occurred in the representation of the Electoral Division of Keetmanshoop in the Legislative Assembly of South West Africa, by reason of the resignation of Mr. Ludwig Wilhelm Berthold Binge as member for that division.

And whereas it is deemed desirable that the vacancy in the representation in the Legislative Assembly of the Electoral Division of Keetmanshoop be filled:

Now, therefore, under and by virtue of the power and authority vested in me by section *eighty-eight,* read with sections *thirty-four* and *thirty-five* of the Electoral Consolidation Act, 1946 (Act 46 of 1946), as amended, I hereby declare that a vacancy exists in the representation of the Electoral Division of Keetmanshoop in the Legislative Assembly of South West Africa and I hereby proclaim —

(1) that Nomination Court shall sit on 4th March, 1960 at ten o'clock in the forenoon, in the Magistrate's Court at Keetmanshoop to receive nominations of candidates for election to fill the said vacancy;

(2) that if a poll becomes necessary in the Electoral Division aforesaid for the reason that more than one person shall have been duly nominated at the close of the sitting of the said Nomination Court in such division the said poll shall be taken on 5th April, 1960 and shall commence at seven o'clock in the forenoon and shall close at eight o'clock in the evening of the said day; and

(3) that the Magistrate of Keetmanshoop or other person lawfully acting for him, shall be and is hereby appointed to be Returning Officer at the Election in the said Division to fill the vacancy.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Seal at Cape Town on this seventeenth day of February, 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,
*Administrator.*

## PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DANIEL THOMAS DU PLESSIS VILJOEN, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 14 van 1960.]

WETGEWENDE VERGADERING VAN SUIDWES-AFRIKA.

TUSSENVERKIESING, KEETMANSHOOP.

Nademaal ek daarvan in kennis gestel is dat 'n vakature ontstaan het in die verteenwoordiging van die Kiesafdeling Keetmanshoop in die Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika weens die bedanking van mnr. Ludwig Wilhelm Berthold Binge as lid vir daardie afdeling.

En nademaal dit wenslik geag word dat die vakature in die verteenwoordiging in die Wetgewende Vergadering ten opsigte van die Kiesafdeling Keetmanshoop aangevul word:

So is dit dat ek, kragtens en ingevolge die bevoegdhede aan my verleen by artikel *agt-en-tagtig,* gelees met artikels *vier-en-dertig* en *vyf-en-dertig* van die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, 1946 (Wet 46 van 1946), soos gewysig, hierby verklaar dat 'n vakature bestaan in die verteenwoordiging van die Kiesafdeling Keetmanshoop en hierby proklameer —

(1) dat die Nominasiehof sitting sal hou op 4 Maart 1960 om tien-uur in die voormiddag in die Landdroshof te Keetmanshoop ten einde nominasies te ontvang van kandidate vir verkiesing om genoemde vakature aan te vul;

(2) dat, indien 'n stemming in genoemde Kiesafdeling nodig word deurdat meer as een persoon behoorlik genomineer is by die sluiting van die sitting van voormelde Nominasiehof in sodanige kiesafdeling, genoemde stemming op 5 April 1960 sal plaasvind en om sewe-uur in die more sal begin en om agt-uur in die aand van daardie dag sal sluit; en

(3) dat die Landdros van Keetmanshoop of ander persoon wat wettiglik namens hom optree, Kiesbeampte sal wees, en hierby as sodanig benoem word, by die verkiesing in genoemde Kiesafdeling om genoemde vakature aan te vul.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Seël te Kaapstad op hede die sewentiende dag van Februarie 1960.

D. T. DU P. VILJOEN,
*Administrateur.*


Printed in South West Africa by / Gedruk in Suidwes - Afrika deur John Meinert (Pty) Ltd., Windhoek